VIGS – HOE RAAK DIT ONS?

JULIAN MüLLER

‘n Klompie jare gelede, in die doodsnikke van die Ou Suid-Afrika, was daar ook groot besorgdheid oor die moontlik uitwissing van die renosters. Daar was toe veldtogte wat goed bemark is met byvoorbeeld plakkertjies op karre wat ons opgeroep het om die renosters te red. Dit was nie lank nie toe het daar uit regse politieke kringe ‘n ander plakker verskyn wat gesê het: “Vergeet die renosters, red die blankes!”

Partykeer kry ek die indruk dat mense in die blanke gemeenskap net so ongeërg oor die vigsprobleem is as wat hulle was oor die renosters wat uitsterf. Dit voel skynbaar vir mense na ‘n teoretiese probleem wat ver van hulle af is en hulle nie direk raak nie. Om te hoor dat daar 4,2 miljoen mense in Suid-Afrika is wat lewe met Miv/Vigs, is skokkend, maar tegelyk ook betekenisloos vir die meeste blanke mense, omdat hulle nog nie eers een keer direk met iemand te doen gekry het wat vigs het nie.

Daarom is dit werklik ‘n vraag wat die sin van ‘n artikel oor Vigs in ‘n blad soos die Ons Jeug is? ‘n Mens kan aanvaar dat die meeste lesers kerklike jongmense is wat nie regtig bloodstelling aan vigsleiers het nie en wat ook nie self werklik ‘n groot risiko loop om vigs op te doen nie. Waaroor gaan hierdie artikel dan?

Dit is nodig om hieroor te dink en te skryf omdat ons as Christene ons nooit net kan losmaak van ‘n probleem bloot omdat dit ons nie self direk raak nie. Die Bybel leer ons om bly te wees saam met dié wat bly is en om te treur saam met dié wat treur (Rom. 12:15). En as ons in Ps 146 van die Here lees dat Hy reg laat geskied aan die verdruktes, brood gee aan hongeres, gevangenes bevry, blindes laat sien en dié ondersteun wat bedruk is, dan is dit tog duidelik dat hierdie gesindheid ook ons roeping is.

Ons kan nie maar ons rug draai op die Vigs-pandemie en vir onsself sê dit is maar net nog een van daai omgewingskwessies wat skynbaar ‘n groot probleem is, maar waaraan ons nie regtig iets kan doen nie – iets soos die gat in die osoonlaag, of die bedreiging van die renosterbevolking. Hier gaan dit oor mense – mense wat onder haglike omstandighede probeer oorleef, mense wat ontsettend ly, mense wat nie slegter of beter as onsself is nie, maar mense wat, onder totaal ander omstandighede as die meeste van ons, probeer om op ‘n waardige manier mense te wees.

Laat ons ophou om te dink aan die vigsprobleem as ‘n bloot ekononiese of morele probleem. Ons as Christene kan nie net saaklik hieroor dink nie. Dit gaan oor mense, jongmense soos ons, mense met stories, mense met behoeftes en swakhede.

Toe ons onlangs ‘n werkswinkel oor ‘n vigsnavorsingsprojek gehad het, het een van die dokters op ons span vir ons vertel van ‘n dogter, Mandi, 16 jaar oud. Sy woon op die platteland in die Noordelike Provinsie en sy het albei haar ouers verloor. Daar was vir haar net een oplossing en dit is om die skool te verlaat en te gaan werk. Die enigste plek waar sy kon werk kry was op ‘n tamatieplaas waar sy as enigste jongmeisie tussen ‘n klomp mans moes werk. Sy kon net oorleef deur vir hierdie mans ‘n prostituut te word. Dit was nie lank nie toe het sy Miv-positief getoets en teen hierdie tyd het sy seker al vigs, as sy nog lewe.

Vigs gaan nie oor ‘n pandemie nie. Dit gaan oor mense, mense met gesigte en verhale van hartseer en ontnugtering. Dit gaan oor iemand soos Mandi.